

Belasting knou beleggers

Die sterk verhoging in dividend terughoudingsbelasting (DTB) het beleggers in aandele onkant betrap wat nou van 22 Februarie aansienlik meer belas gaan word.

In werklikheid is die verhoging van die DTB van 15% tot 20% tydens verlede week se begroting 'n onverdiende straf vir die mense wat wel finansiële gedissiplineerd is om te spaar en te belê.

Spaar en beleggings behoort eerder deur die regering ondersteun te word, veral aangesien Suid-Afrika een van die swakste spaar- en beleggingskulture ter wêreld het. Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank is Suid-Afrika se huishoudelike spaarkoers 'n treurige 1.7% van die bruto binnelandse produk. Daarenteen is lande soos China, Indië en Turkye se huishoudelike spaarkoers meer as 20%, wat onder die hoogste ter wêreld tel.

Dit is ook duidelik dat die regering die DTB verhoog het, omdat dit 'n maklike belasting is om te verhaal. Die weerhoudingsagent trek eenvoudig die DTB af voor dividende uitbetaal word aan die beleggers en betaal dit oor aan Jan Taks.

Hoe vergelyk ons met die wêreld

Dis opvallend dat ons as 'n ontwikkelende land met 'n DTB van 20% nader aan ontwikkelde ekonomieë soos Kanada 25%, Duitsland 25%, Frankryk 30% en Israel 30% se koerse beweeg.

Dit is in kontras met dinamiese werkskeppende lande soos Singapoer, Hong Kong en Indië, waar beleggings aangemoedig word deurdat geen DTB gehef word nie.

Hoe raak dit jou belegging?

Beleggers in Klasse A en C kry maandelikse dividende, wat nou teen 20% eerder as 15% belas word. 'n Belegger wat R100 000 in Klas A belê het, sal byvoorbeeld in Maart R38 meer aan die staatskas afstaan. Op Klas C is die verskil R56 per maand.

Beleggers in Klas B betaal kapitaalwinsbelasting aan die einde van die beleggingstermyn en word nie deur die begrotingsrede geraak nie. Kapitaalwinsbelasting is onveranderd gelaat.

Die insluitingskoers vir individue is dus steeds 40% en die uitsluitingsbedrag R40 000. Ná vyf jaar sal 'n belegging van R100 000 in Klas B groei tot R170 000. As 'n belastingkoers van 41% geneem word, dan sal die kapitaalwins R4 920 beloop. $(R70000 - R40\ 000 = R30\ 000 \times 41\% \times 40\%)$

Belastingvrye spaar

Die verhoging van die belastingvrye spaarbedrag van R30 000 na R33 000 word egter verwelkom, hoewel dit jammer is dat dit nie ietwat meer verhoog is as 'n

aansporing vir mense om meer te spaar nie. Nietemin kan jy darem maandeliks R2 750 in die belastingvrye produk belê, hoewel die maksimum van R500 000 oor 'n belastingbetaler se leeftyd steeds geld.

Belasting vir superrykes

Die verhoogde belastingkoers van 45% vir superrykes wat meer as R1,5 miljoen per jaar verdien, sal 'n bykomende R4,4 miljard tot die fiskus bydra. Ironies genoeg sou 'n skrale verhoging van 50 basis punte in die BTW meer as R10 miljard – dubbeld meer as die superrykes se belasting – tot die fiskus toegevoeg het. 'n Verhoging in BTW word egter as te polities sensitief beskou.

Die nuwe koers van 45% is die hoogste belastingkoers sedert 1994 en sowat 100 000 Suid-Afrikaners sal daardeur geraak word. Daar is ook kommer dat baie mense weens blokkruiping meer belasting sal betaal.

Heelwat mense sal ook weens blokkruiping van die 41% kerf na die superkerf van 45% skuif. Vanjaar is die inkomstebelastingkerwe slegs met 1% aangepas, terwyl die meeste salarisverhogings minstens in lyn met die inflasiekoers van sowat 6% is.

Eiendom kry hupstoot

As jy die onderskeie bateklasse vergelyk wat vir beleggers beskikbaar is, word eiendom in die begroting bo aandele bevoordeel.


Die verhoging in die drempelvlak van hereregte op eiendom van R750 000 tot R900 000 sal veral eerste eiendomskoopers help, asook mense wat afskaal en kleiner wonings koop.

Is Rommel ons voorland?

Graderingsagentskappe sal bly wees om te sien dat die fiskale tekort besig is om te verklein, hoewel dit dalk te stadig gebeur.

'n Gekonsolideerde fiskale surplus (inkomste minus nie rente uitgawes) sal na verwagting einde vanjaar in plek wees. Dit beteken dat openbare skuld aanstaande jaar sy toppunt (as persentasie van BBP) kan bereik. Daar is egter dringende strukturele veranderinge nodig om die ekonomie weer op dreef te kry.

Die graderingsagentskappe besin weer in Junie oor SA se buitelandse skuld. S&P en Fitch sal na verwagting nie hul "negatiewe" siening tot "stabiel" verander nie. Gegewe die swak ekonomie en gespanne politieke omgewing kan 'n afgradering wel later vanjaar voorkom.



Finansiële disfunksie? Daar is hoop vir beleggingsukses

Waarom laat soveel slim mense hul finansiële lot in die hande van ander eerder as om self beheer van hul eie finansiële toekoms te neem?

Soveel beleggers glo hul beleggings word deur eksterne faktore beheer en dat hulle self geen beheer daaroor het nie – dat hulle die slagoffer van die noodlot is. Ander word weer aan hul neuse gelei deur sogenaamde finansiële kenners wat blaam vir swak opbrengste op die markte plaas.

As jy in 'n staat van finansiële disfunksie verval het, is daar hoop. Jy hoef nie swak opbrengste – vir vyf jaar of 'n ewigheid – te aanvaar nie en jy kán beleggingsukses behaal.

Spekuleer of belê jy?

Spekulاسie beteken dat mense nie hul beleggings se vordering na behore kan meet nie en dat hulle nie kan bepaal of hul finansiële doelwitte behaal word nie.

Jy raak 'n spekulant as jy die een maand geld maak en dit weer die volgende maand verloor. Jy verloor geduld of raak paniekbevange en soek ander maniere om vinnig geld te maak en gooi die beleggingsplan in die vullismandjie – die klassieke staat van finansiële disfunksie.

Neem eerder beheer van jou eie beleggings en finansiële toekoms.

Wat is 'n ware belegger?

Dis iemand wat weet beleggings hoef nie passief of riskant te wees nie. Ook dat jou beste beleggingsopsies nie noodwendig by groot versekerings/beleggingshuise beskikbaar is nie, maar dikwels eerder by kleiner beleggingshuise wat spesialiseer in 'n nismark waar lae of selfs geen koste geld.

Al wat nodig is, is 'n basiese beleggingsplan en 'n bietjie finansiële dissipline. Elke plan het sy prys wat nie in geld nie, maar in tyd gemeet word. Sodra jy besef tyd is kosbaar en het 'n prys, hoe gouer sal jy finansiële sukses behaal. Moet egter nie oorhaastig wees en dink jy gaan oornag geld maak nie. Wees beredeneerd en geduldig. Maak tyd om 'n finansiële plan op te trek en dit na te kom sodat jou geld vir jou kan werk.

Towerformule tot rykdom?

Sekere mense glo daar is die een of ander towerformule om deur beleggings ryk te word. Hulle glo as dit nie ingewikkeld is nie, kan dit nie 'n goeie belegging wees nie. Net so is daar die wanpersepsie dat slegs ryk mense geld uit beleggings kan maak!

Hou by eenvoudig!

Dit is al oor en oor bewys dat jou eenvoudigste beleggingsplan telkens die beste is. Dit hoef nie vol opwinding en gevaarlik te wees nie. Al wat jy benodig, is 'n eenvoudige strategie. Hou jou beleggings eenvoudig en belê net as jy dit ten volle verstaan.

Wees kieskeurig

Alle beleggings is nie vir almal geskik nie 'n mens is geneig om te kies wat bekend is. Hou in gedagte dat beleggings in die afgelope paar jaar enorme veranderinge ondergaan het en ons het soveel meer keuses. Neem byvoorbeeld 'n uitkeerpolis, veral ouer generasie polisse. Hoewel die meeste mense daarmee vertrou is, is dit 'n voorbeeld van 'n beleggingsprodukt wat tot disfunksie kan lei.

Oor dekades heen bied lewensversekeraars reeds uitkeerpolis aan waar lewensversekering en 'n belegging gekombineer word. Die gedeelte wat aan die lewensversekering afgestaan is, word gewoonlik mettertyd groter. Dit laat minder oor vir belegging en dus is die uitkeerwaarde dikwels teleurstellend.

Daar is ook reuse-boetes as jy voor die einde van jou polisterym die premies wil staak, omdat jy dit nie meer kan bekostig nie of graag toegang tot jou geld wil kry.

Jy kan ook meer belasting met 'n polis betaal as met 'n regstreekse belegging. Met 'n direkte belegging is daar byvoorbeeld rentevrystellings vir individue afhangende of jy ouer as 65 jaar of jonger as 65 jaar is. Boonop word die belegger teen 'n marginale koers belas wat so laag as 18% kan wees. Vergelyk dit nou met 'n polis waar die fondse teen 31% belas word en geen rentevrystellings geld nie.

Ironies genoeg word 'n polis dikwels as belastingvry in die hande van die belegger bemark, terwyl dit glad nie so is nie. Die versekeraar trek die belasting af van jou belegging en betaal dit aan Jan Taks oor. Jy betaal dus die belasting!

Boonop is daar kostes van selfs 5% wat vir die finansiële adviseur verhaal word. Jy as belegger betaal die kommissie oor 'n termyn vooruit, en as jy hierdie verborge kostes bymekaar tel, word polisse bitter duur beleggingsprodukte waaruit jy nie ryk gaan word nie.

Vader Tyd

Dan kom die toets van tyd - as die produk veilig is, die opbrengs reg is en koste nie jou groei opvreet nie – om vir solank moontlik te bly belê. Dan kry jy groei op groei en skep jy welvaart!

Kyk na Ecsponent se beleggingsopsies. Dit is 'n eenvoudige beleggingstruktuur in voorkeuraandeel wat 'n vaste koers bied. Klas A en C bied 'n maandelikse inkomste en 'n dividendkalender wat presies aandui wat die netto opbrengs per maand vir die volgende twaalf maande is. Beleggers weet dus presies wat hulle uitkry en uitbetalings word, soos ooreengekom, klokslag elke maand uitbetaal.

ecsponent.com

Suid Afrika:

info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia House, Green Hill Village Office Park, Cnr Botterklapper and Nentabos Street (off Lynnwood Road), Pretoria

Swaziland:

swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland

Botswana:

botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6th Floor, Exponential Building, Plot 54351, New CBD, Gaborone, Botswana

Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.